**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**BYBELKUNDE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord verder nog TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**KORT VRAE**

Vrae 1.1 tot 1.26 is kortvrae. Skryf die nommer van elke vraag (insluitend die onderafdelings) in jou **antwoordboek** en skryf elke antwoord langs die relevante vraagnommer neer.

1.1 Johannes sê dat dit nie sy doel is om Jesus se lewensverhaal te skryf nie. Verduidelik sy hoofdoel met sy Evangelie. 3x2=(6)

1.2 Die eerste vers van die derde Evangelie en die eerste vers van Handelinge wys ons dat albei hierdie boeke deur dieselfde skrywer geskryf is.

1.2.1 Wat is in hierdie verse wat dit toon? (2)
1.2.2 Wie is die skrywer van hierdie twee boeke? (2)

1.3 Watter Sinoptiese Evangelie bevat nie ? geslagsregister van Jesus nie? (2)

1.4 Definieer elkeen van die volgende terme:

1.4.1 Doksologie
1.4.2 Metanoia
1.4.3 Hagios 3x2=(6)

1.5 In watter Bybelboek is Paulus se sendingreise beskryf? (2)

1.6 Watter brief in die Nuwe Testament was aanvanklik verkeerdelik as een van Paulus se briewe geklassifiseer? (2)

1.7 Noem DRIE individue aan wie Paulus briewe geskryf het. 3x2=(6)

1.8 Noem DRIE kenmerke van die vroeë Christelike gemeenskap aan wie Jakobus geskryf het. 3x2=(6)

1.9 Wie het ? brief aan sy geliefde Gaius geskryf? (2)

1.10 Vanuit watter "Babilon" is I Petrus moontlik geskryf? (2)

1.11 Petrus was ? gewone visser. Hoe kan die hoë standaard van die Grieks wat in I Petrus gebruik word in die lig hiervan verklaar word? (2)

1.12 Daar is ? opvallende ooreenkoms tussen II Petrus en ? ander algemene brief. Watter ander brief? (2)

1.13 Voltooi die volledige titel van die Boek Openbaring:

"Openbaring 1.13.1 Jesus Christus 1.13.2 Johannes" 2x2=(4)

1.14 Is God die Vader van alle mense? Staaf jou antwoord. (2)

1.15 Gee die betekenis van elkeen van God se name:

1.15.1 Adonai
1.15.2 Jahweh
1.15.3 Elohim
1.15.4 Abba 4x2=(8)

1.16 Gee die Hebreeus vir die woord **Christus**. (2)

1.17 Op watter TWEE voorwaardes vergewe God ons sondes? 2x2=(4)

1.18 In watter taal het Jesus waarskynlik gepraat? (2)

1.19 In watter taal is die Nuwe Testament oorspronklik geskryf? (2)

1.20 Wat word bedoel met **monogame huwelik**? (2)

1.21 Wat is **meineed**? (2)

1.22 Watter gebod word oortree as jy bedrog pleeg? (2)

1.23 Watter woorde vorm die aanhef van die Ons Vader-gebed? (2)

1.24 Die woord **koninkryk** verwys gewoonlik na ? gebied, maar wat beteken dit as ons van God se koninkryk praat? (2)

1.25 Watter een van die ses bedes kom net in Matteus voor? (Gee die bede volledig.) (2)

1.26 Wat beteken die woorde, **"verlos ons van die bose"**, in die sesde bede? (2)
**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 2

2.1 Gee bewyse uit die Evangelie volgens Markus om die volgende kenmerke te staaf:

2.1.1 Markus skets ? eg menslike beeld van Jesus. (10)

2.1.2 Markus skryf in aanskoulike besonderhede, asof hy persoonlik ? ooggetuie was. (10)

2.1.3 Markus se verhaal word uit ? kind se perspektief vertel. (10)

2.2 Skryf kort aantekeninge oor die vorm van die Pauliniese briewe. (20)

2.3 Bespreek die outeurskap van die Algemene Brief van Jakobus. (30)
**[80]**

### VRAAG 3

3.1 Vergelyk Johannes se beskrywing van Jesus se bediening met dié wat in die Sinoptiese Evangelies vervat is. (30)

3.2 Verduidelik die redes waarom Paulus sy brief aan die Gemeente in Filippi geskryf het. (34)

3.3 Bespreek die bewyse wat aangevoer kan word dat die Apostel Johannes die Boek Openbaring geskryf het. (16)
**[80]**

## VRAAG 4

4.1 "Die Vierde Evangelie is altyd baie presies wat name betref, maar dit noem nooit Johannes (die outeur) se naam uitdruklik nie." Verduidelik hierdie stelling. (10)

4.2 Verduidelik kortliks waarom Paulus se briewe steeds betekenisvol vir die kerklike lewe van vandag is. (16)

4.3 Verduidelik wat Paulus die Gemeente in Tessalonika oor die Wederkoms leer en wat Petrus in sy tweede brief daaroor leer. (24)

4.4 Bespreek die aard en die doel van die Boek Openbaring as ? profeties-apokaliptiese geskrif. (30)

**[80]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die volgende twee aanhalings en verduidelik waarom Paulus en Jakobus mekaar nie weerspreek nie.

Paulus sê:

"Ons betoog is tog dat ? mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie". (Romeine 3:28)

Jakobus sê:

"Julle sien dus dat ? mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie". (Jakobus 2:24) (18)

5.2 In Paulus se brief aan die Filippense lyk dit asof hy van plan was om met die eerste verse van hoofstuk 3 te eindig, maar daar volg nog 43 verse. Watter verklarings is daar vir hierdie slotwoorde in die middel van die brief? (18)

5.3 In die eerste brief van Johannes val hy die gnostici se valse leer oor Jesus aan. Hy weerlê ook hulle argumente met belangrike waarhede oor Jesus. Bespreek hierdie argumente. (14)

5.4 Bespreek die onderskeie aspekte van Jesus Christus se soewereiniteit oor Sy Kerk op aarde, soos geopenbaar in Openbaring, hoofstuk 1-3. (30)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [160]**

## AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 6

6.1 "Die kern van die Christelike Geloof is in die Bybel vervat." Bespreek dié stelling. (20)

6.2 Verduidelik die feit dat God ? God van Verbond is breedvoerig. (36)

6.3 Paulus sê in Romeine 7:12:
"Die wet is heilig, reg en goed."

In Romeine 7:7 sê hy:
"..... ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie."

Die hele Bybel leer ons die wil van God en die kern van hierdie lering word in die Wet saamgevat.

Skryf verduidelikende aantekeninge oor die doel van die wet om bostaande stellings en skrifverwysing te onderskryf. (24)
**[80]**

### VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe God Homself op ? algemene en op ? besondere wyse openbaar. (14)

7.2 "Die Heilige Gees skep die enigste, universele Kerk waarvan Christus die hoof is." Bespreek. (30)

7.3 Skryf aantekeninge oor die kenmerke van ? ware Christen se gebed. (36)
**[80]**

## VRAAG 8

8.1 Skryf volledige aantekeninge oor Jesus se godsdienstige en siviele verhoor. (36)

8.2 Verduidelik waarom Jesus se kruisdood so betekenisvol is vir Christene. (14)

8.3 Wat was die betekenis in die Ou Testamentiese en die Nuwe Testamentiese tyd van die tweede gebod: "Jy mag nie vir jou ? beeld of enige afbeelding maak ...."? (30)

**[80]**

## VRAAG 9

9.1 Bespreek God se verhouding met die mensdom as sondaars. (26)

9.2 Verduidelik die Goddelike eienskappe van die Heilige Gees. (18)

9.3 Bespreek die betekenis van die volgende bedes van die Ons Vader-gebed:

9.3.1 "Gee ons vandag ons daaglikse brood."
9.3.2 "Laat U Naam geheilig word." (16)

9.4 Beantwoord die volgende vrae oor die sesde gebod:

9.4.1 Waarom was hierdie gebod belangrik in die Ou Testamentiese tyd? (14)
9.4.2 Hoe het Christus, in die Nuwe Testamentiese tyd, nuwe betekenis aan hierdie gebod gegee. (6)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [160]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**